

Gereformeerde Kerk Bellville – 11 Oktober 2015 – aand

Sing vooraf staande: Psalm 132:9, 10 (p. 647)

- 9 Want Sion word deur God geëer, / as woonplek het Hy dit begeer.
“Dit is my rusplek,” sê die HEER.
“Hier vestig ek my huis en troon, / en hier wil Ek vir ewig woon.
- 10 “In Sion is my seën groot, / hier red Ek armes uit die nood,
hier is versadiging met brood.
My priesters sal 'k met heil beklee, / my gunsgenote jubel mee.”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 111:1, 2 (p. 553)

- 1 'k Sal met my ganse hart die HEER / met die opregtes loof en eer – / die Gode dankb're duisendtalle.
Sy werk is groot die wêreld deur, / dit word deur almal nagespeur / wat daarin soek 'n welgevalle.
- 2 Sy dade^o is enkel majesteit, / aanbiddelike heerlikheid, / en sy geregtigheid onendig.
Sy wonders staan in rots gegrif, / en sy genade^o in ewige skrif / vir al wie arm is en ellendig.

Gebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Skriflesing: Eksodus 25:10-22; Numeri 4:5-6, 15; 2 Samuel 6:1-11;
Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, Artikel 1

Kernvers: 2 Samuel 6:6-7

**En toe hulle by die dorsvloer van Nagon kom, het Ussa sy hand uit-
gesteek na die ark van God en dit vasgehou, want die osse het
gestruik. Daarop het die toorn van die HERE teen Ussa ontvlam, en
God het hom daar getref oor dié vergryp, sodat hy daar by die ark van
God gesterf het. (2 Samuel 6:6-7 AFR53)**

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 2, Artikel 1

*God is nie alleen in die hoogste mate barmhartig nie maar ook in die hoogste mate
regverdig. Sy geregtigheid – soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het – eis dat ons
sondes wat teen sy oneindige majesteit begaan is, nie alleen met tydelike nie maar ook
met ewige strawwe na siel en na liggaam gestraf moet word. Ons kan aan hierdie strawwe
nie ontkom nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word.*

Vooraf

Aanvanklik kan dit lyk asof die opstellers van ons Dordtse Leerreëls sommer lukraak 'n hele hoofstuk aan die dood van Christus en die verlossing van mense deur sy dood in die Dordtse Leerreëls opgeneem het. Daar is egter twee sake wat 'n mens hier in gedagte moet hou om te verstaan hoekom ons nege artikels bely aangaande die dood van Christus.

Eerstens: Die uitverkiesing en die verlossingswerk van Christus is heg aan mekaar verbind. In Efesiërs 1 leer die Heilige Gees ons dat God mense in Christus uitverkies. Van al die besluite wat God in die ewigheid geneem het, is die uitverkiesing die kern van daardie besluite. En die kern van uitverkiesing is Jesus Christus. In en deur Jesus Christus maak God sy uitverkiesing 'n werklikheid. Ons bely dit immers ook so in die sewende artikel van hoofstuk 1.

Tweedens: Vir ons wat in die gereformeerde leer leef, is dit heeltemal duidelik uit die Bybel dat Jesus Christus na hierdie wêreld gekom het om vir die sondes van mense aan die kruis te sterf. Slegs Jesus Christus se dood is die betaling vir sondes wat deur God aanvaar word, want Hy het self sy Seun vir hierdie doel aan ons oorgegee. Vir ons dit so logies dat ons nie eers meer daarvoor wonder nie.

Maar in die tyd voor die Sinode van Dordt was daar predikante wat gesê het dat Christus se dood nie 'n betaling vir die sondes is nie. Hulle het dit aan gelowiges gepreek omdat hulle onder die uitverkiesing iets anders geglo het as wat in die Bybel geskryf staan. Hierdie predikante wat so oor Christus en die uitverkiesing gepreek en geglo het, is die Remonstrante genoem. Volgens hulle is die mens self voluit betrokke in sy eie uitverkiesing. In die Ou-Testamentiese tyd moes die mens die wet voluit gehoorsaam om uitverkies en gered te word. Maar God het agtergekom dat hierdie standaard wat Hy vir die mens gestel het te hoog was. Daarom het Hy sy Seun gestuur – nie om vir die sondes van mense te sterf nie – maar om te sterf omdat mense nie die wet voluit kan gehoorsaam nie. Noudat God daarmee tevrede is, het Hy weggedoen met die ou voorwaarde van gehoorsaamheid aan die wet. In die plek van die nakoming van die wet het Hy nou 'n makliker haalbare voorwaarde aan die mens gegee om uitverkies en gered te word. Hy moet nou net glo.

Hierdie soort preke het die gelowiges onrustig gemaak en gemeentes was daarvoor in beroering. Daarom het die Heilige Gees die opstellers van die Dordtse Leerreëls gelei om hierdie hoofstuk oor Christus se dood neer te skryf sodat die suiwer leer aangaande Christus gepreek kan word.

Een laaste opmerking: Anders as by hoofstuk 1 sal ons hier in hoofstuk 2 agterkom dat baie van die dinge wat ons hier bely ook in ons Heidelbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis bely word. In hierdie artikel 1 bely ons dat God barmhartig en terselfdertyd regverdig is. In Sondag 4:11, 16:40 en in NGB art 20 bely ons ook oor die barmhartigheid en regverdigheid van God. As dit dan met die eerste lees van hierdie artikel vir u nie duidelik is nie, kan u ook na ons Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis teruggaan en sien hoe ons dit daar verwoord.

Tema: God se geregtigheid en waarheid eis straf op die sonde

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die Here openbaar Homself aan die mens sodat ons Hom sal leer ken soos Hy is en Hom sal aanbid vir wie Hy is. Daarom het die Here ook sy openbaring vir ons op skrif gegee. Die Bybel is nie in die eerste plek 'n

boek om vir ons te leer wat ons moet doen nie. Dit is ook nie 'n weergawe van wat mense van die Here dink nie. Die Bybel is die Here se Woord aan elke mens waarin Hy Homself aan ons bekendstel.

In sy selfbekendstelling maak die Here verskeie eienskappe of deugde van Homself aan ons bekend. In die artikel waarby ons vanaand stilstaan, noem ons twee van daardie eienskappe van die Here – barmhartig en regverdig. In die heel eerste artikel van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons elf eienskappe van God. Van hierdie twee eienskappe – barmhartig en regverdig – noem die Here self die meeste van die tyd eerste dat Hy barmhartig en genadig en goed is. Maar in dieselfde asem sê Hy dat Hy regverdig is. Hy gebruik nie noodwendig elke keer die woord *regverdig* nie, maar Hy sê dat Hy die sonde nie sommer maar net ongestraf laat bly nie (vgl. Eks 34:6-7).

Noudat ons dit so hoor, kom ons dadelik agter dat regverdig of geregtigheid met straf op die sonde te doen het. In die woord *regverdig* herken ons die woord *reg* wat ook verband hou met *regter* soos in die regter in 'n hofsaak. 'n Regter vonnis 'n oortreder van die wet met 'n straf – 'n boete of tronkstraf.

Tussen barmhartig en regverdig kies ons mense altyd barmhartig. Ons beklemtoon dat God ***in die hoogste mate barmhartig is***. Ons is nie verkeerd as ons sê dat die Here honderd persent of volmaak barmhartig is nie. Hy is barmhartig. En in ons hart oortuig ons onself dat die Here ons sondes moet vergewe, want Hy is dan barmhartig. Teenoor ander mense sê ons graag dat die Here barmhartig is, want ons wil onself onder die mense tel wat genade van die Here ontvang. Teenoor die Here beklemtoon ons ook dat Hy barmhartig is en dink ons dat ons daarmee die Here kan oorhaal om nie ons sonde te straf nie.

Dit is soos 'n kind wat vir sy ouers sê hoe lief hulle hom het wanneer hy weet dat sy woorde en daede nou 'n pak slaag van sy ouers regverdig. Ons dink dat ons teenoor die Here ook sy barmhartigheid teen sy regverdigheid kan afspeel, sodat Hy ook maar sal toegee en nie ons sonde straf nie. Die Here is nie 'n mens dat Hy deur die mens in 'n tweestryd sal kom oor wie Hy self is nie (vgl. Num 23:19). God is in die hoogste mate barmhartig en Hy is terselfdertyd in die hoogste mate regverdig.

Broers, susters en kinders, ons moenie nou vir onself sê dat ons nie ook so met die Here maak nie – dat ons nie ook by Hom daarop hamer dat Hy barmhartig is en daarmee probeer dat Hy van sy regverdigheid moet vergeet nie. Toe ons hierdie stukkie geskiedenis van die Here met Dawid gelees het, wat was ons eerste reaksie oor wat met Ussa gebeur het? As ons nie in ons gedagte: *Ag sies tog gesê het nie*, of ten minste 'n bietjie jammer vir hom gevoel het nie, is ons ongevoelig en nie menslik nie. Dit is ons natuurlike geaardheid om vir Ussa jammer te kry.

Dit was mos nie Ussa se skuld dat die osse gestruik het nie. Die wa het dan hier by die dorsvloer van Nagon verbygegaan. En met al die kaf wat daar lê, is dit geen wonder dat die osse op die los kaf sou gly en struikel nie. Die wa het dan ook so erg geskud dat die ark van God skielik na die kant van die wa toe geskuif het. Dit is mos net 'n mens se natuurlike reaksie om dan te keer. Ussa het maar net gedoen wat ons ook sou gedoen het. Hy het sy hand na die ark van God uitgesteek het en die ark vasgehou. Hy het nie geweet tot waar die ark sou skuif nie. En hy kon ook mos nie maar net staan en kyk nie. Sê nou die ark het so ver geskuif dat dit op die grond geval het. 'n Mens kan dit mos nie laat gebeur nie. Die ark is immers die troon van God. Die Here het immers van bo van die ark se deksel af tussen die twee gerubs sy stem laat hoor toe Hy met Moses gepraat het.

Baie mense word ontsteld en vra: Hoe kan die Here dan vir Ussa sommer net so laat sterf? Hy het dan eintlik 'n goeie ding gedoen. Hy kon mos nie die ark op die grond laat val het nie. Die ark is dan heilig, want dit behoort aan die heilige God van Israel. Dit was Dawid se eerste reaksie ook. Eintlik staan daar in die Hebreeus dat Dawid kwaad geword het omdat Ussa gesterf het.

Dawid het kwaad geword, want hier is Ussa besig om 'n goeie ding vir die Here te doen. Die ark van God was vir meer as veertig jaar iets wat vergete was onder die volk. Nou het Dawid besluit om die ark na Jerusalem te bring – na die hoofstad van die land. Die ark is tog die troon van God en simbool van God se heerlike teenwoordigheid by sy volk. Die Here moet mos sentraal wees in die land en in die volk se lewe. Hoe kan die Here dan nou sommer net so vir Ussa doodmaak?

Het Dawid rede gehad om kwaad te word? Ja, hy kon kwaad word vir homself, maar beslis nie oor wat die Here met Ussa gedoen het nie. Aangaande die ark van God het die Here spesifieke opdragte gegee. Die vier gegote goue ringe wat aan die onderkant van die ark was, was nie ter versiering gewees nie. Die twee draaghoute wat met goud oorgetrek is, moes deur daardie ringe gesteek gewees het. Maar dit blyk dat die draaghoute weggeraak het iewers tussen die geveg met die Filistyne wat Israel nog verloor het in die dae van Eli en sy seuns en nou toe Dawid die ark vervoer het.

Die voorskrif wat die Here gegee het in verband met die vervoer van die ark was baie duidelik. Die Levitiese priesters uit die Kehat-familie moes die ark op hulle skouers dra. En voordat hulle dit op hulle skouers dra, moes dit met 'n seil van gebreide vel en daarna met 'n blou doek toegemaak word. Omdat die ark van God vir die Here afgesonder is, mag dit nie aangestaar en bekyk word nie (vgl. 1 Sam 6:19). Daarom moes dit toegemaak wees wanneer dit vervoer word. Daarby het die Here nog uitdruklik aan Moses gesê dat die een wat met sy hand aan die heilige dinge – waaronder die ark ook is – raak, sal sterwe.

Vergelyk 'n mens die Here se voorskrifte in verband met die ark met wat Dawid gedoen het, merk 'n mens 'n klompie goed op wat Dawid nagelaat het om te doen. Hy raadpleeg nie die Here nie, maar die leiers van die volk, of dit goed sal wees om die ark van God na Jerusalem te bring (1 Kron 13:1-4). Dawid wat homself graag so verdiep het in die Woord van die Here het nie moeite gedoen om na te gaan wat die Here se voorskrif is oor die vervoer van die ark nie. Nadat die ark so lank vergete was by die volk het hulle sommer die wa vervoer soos wat die Filistyne dit destyds gedoen het. Die Filistyne het nog 'n verskoning gehad, want hulle het nie die wet van die Here nie. Maar vir Dawid en die volk Israel kan daar geen verskoning wees nie. En dan het Dawid die bring van die ark na Jerusalem 'n militêre parade gemaak wat meer lyk na iemand wat sy eie beuel wil blaas as wat dit na iemand lyk wat aan die Here die eer wil bring. Oor sy eie nalatigheid kon Dawid vir homself kwaad wees maar beslis nie oor wat die Here met Ussa gedoen het nie.

Inteendeel, die Here het regverdig gehandel, want Hy is regverdig. Hy het sy duidelike voorskrifte gegee. Hy het uitdruklik gesê wat met iemand sal gebeur as hy hom nie aan die voorskrifte hou wat die Here gegee het nie. Daarom, as die Here vir Ussa in sy toorn tref sodat hy sterf, bly die Here getrou aan wie Hy is. Hy het gesê dat hy die oortreder sal straf. As Ussa dan oortree, word hy gestraf soos die Here gesê het. Indien die Here Ussa maar sou begaan het en niks aan sy oortreding gedoen het nie, dan was Hy mos nie regverdig nie. Die volk sou dan kon sê: Die Here het nou toegelaat dat Ussa aan die ark raak, daarom kan hulle nou ook maar die ark oopmaak en bevat en bekyk. Dan het die Here soos 'n mens geword wat ter wille van sy liefde en barmhartigheid ook die sonde af en toe kan oorsien.

Die Here is egter volmaak regverdig. Daarom bely ons **sy geregtigheid eis dat die sondes gestraf moet word**. Dit gaan dus oor die eisende geregtigheid van God. Die sonde eis straf. Die kan nie anders nie. As die Here die sonde nie sou straf nie, sou die Allerhoogste nie volmaak in Homself wees nie. Sy Woord, sy waarheid, sy reg sou van geen waarde meer wees nie. Indien die Here die sonde maar oorsien, watter mens sal die Here nog ernstig opneem as Hy sê wat mense mag en nie mag doen nie? Niemand sal die Here dan meer ernstig opneem nie.

Dan sal God nie meer God wees nie. Dit was immers al die Satan se oogmerk in die tuin van Eden – hy wou hê dat God nie meer God is nie, want hy wat Satan is, wil god wees. Vir die Satan het dit oor baie meer gegaan as om net die mens in die verderf in te sleep. Satan was nie tevrede om net die mens in die dieptes van die sondeval in te sleur nie. Nee, sy stryd is eintlik 'n stryd teen God oor die rug van die mens. Satan wil God tref. Met die verleiding van die mens en sy uiteindelik val in die sonde wou die Satan God voor 'n onmoontlikheid plaas – voor 'n onoplosbare probleem.

Die probleem waarmee die Satan gedink het dat hy die Here uitoorlê het, was dit: As die Here die sonde straf soos wat Hy gesê het Hy sal doen – met die dood – dan doen Hy weg met die mens. Hy verdag die mens en dan bly daar van die barmhartigheid en genade van die Here niks oor nie. Dan is die Here ook die kroon van sy skepping kwyt. Maar as God die mens spaar en nie so nougeset bly by sy regverdigheid nie, kan Hy die sonde oor die hoof sien.

Wat die vader van die leuen graag wou gesien het, was dat die Here Homself sou verloën het – dat God Homself van sy grootste heerlikheid en majesteit sou beroof het. Watse groot plesier sou die ou slang gehad het as die Here sy geregtigheid opgeoffer het en in sy wese gelyk geword het aan die duiwel. As die Here die sonde nie na sy geregtigheid straf nie, dan laat Hy dit maar bly en keur dit ook goed. Deur die mens in die sonde te laat val wou die Satan ook vir God tot 'n val bring.

Maar dit sou nooit gebeur nie. Die reg moet sy loop neem. Die Here bly getrou aan Homself. Die sonde moet met tydelike en ewige strawwe gestraf word.

Wat die tydelike strawwe is, is goed bekend. Al die ellende wat op hierdie aarde te vinde is, is die optelsom van God se tydelike strawwe. Die klein en die groot ellendes is sy tydelike strawwe. Siekte en allerlei rampe omring ons tot vandag toe. En hulle sal daar wees tot op die laaste dag.

Dit wil nie sê dat elke siekte en ramp 'n persoonlike straf is nie. Wanneer dit by die kinders van God kom, gebruik Hy ook siektes en rampe as 'n manier om sy kinders te onderrig en op te voed in sy heiligheid.

Die ewige straf is die ewige oordeel van verdoemenis. 'n Ewigdurende Godverlatenheid oor al die goddeloosheid. Die Bybel praat in allerlei beelde daarvoor – beelde wat vir die mens se verstand onvoorstelbaar is. Dit sal voldoende wees as ons hier die erns besef – die erns wat die Skrif in al die beskrywings van die ewige straf vooropstel.

In artikel 1 word die erns onderstreep met die sin: **Ons kan aan hierdie strawwe nie ontkom nie**. Oor so 'n sinnetjie moet ons nadink. Dit is so ernstig soos wanneer jy in 'n gebou is saam met 'n baie honger leeu. Met alle erns gaan jy na 'n ontvlugtingsroete soek.

Maar ons hou in artikel 1 nie met hierdie onvermydelike erns en doodse somberheid op nie. Ons bely ten slotte: **tensy aan die geregtigheid van God voldoen word.** Oppervlakkig kan dit klink asof ons die woorde *ons kan aan die strawwe nie ontkom nie* net nog 'n keer onderstreep. Maar as ons fyn luister, hoor ons die eerste note van die verlossingsimfonie wat in die evangelie van Christus so helder weerklink. God eis genoegdoening. Daar moet aan sy regverdige eis voldoen word. Versoening en verlossing geskied slegs deur voldoening. Iemand moet die skuld op die sonde betaal. Na regte moet die mens daarvoor betaal, maar die mens kan nie betaal en klaar betaal nie. Die mens kan nie vir sy eie sonde sterf en homself verlos nie, want die straf op die sonde is die ewige dood.

Dank aan God die Vader. Hy het Christus gegee as ons geregtigheid. Christus het die ewige dood in die plek van die gelowiges gesterf en so aan die regverdige eis van God voldoen. Maar daarby sal ons volgende Sondag kom as die Here wil.

Ons sluit af deur terug te keer na Dawid en die ark van God. Die voorskrifte om in die teenwoordigheid van die Here te kan wees, is baie duidelik. Dawid het egter nie die Here geraadpleeg nie maar gemaak soos hy wou, en hy was ongehoorsaam aan die Here. Ongehoorsaamheid en ongeloof is toe daar en dan gestraf. Ussa het net daar by die wa gesterf, want die Here maak nie grappies oor sy Woord nie.

Ons eerste ouers het hulle laat meesleep deur die praatjies van die Satan en hulle het in die sonde geval. En soos wat ons by die heel eerste artikel van die vorige hoofstuk gesien het, het ons saam met hulle in die sonde geval. Ons is in sonde ontvang en gebore. En die Here gaan nie hierdie sonde oorsien nie. Hy is regverdig, daarom moet dit gestraf word. Die enigste manier wat ons in die heilige teenwoordigheid van God kan kom, is wanneer ons sy voorskrifte gehoorsaam. Sy voorskrif vir ons: Slegs deur die geloof in Jesus Christus kan ons naby God wees, want net Christus het aan die regverdige eis van God voldoen.

Wie saam met die duiwel in die poel van die ewige vuur wil beland, kan maar op sy eie manier lewe en maak soos wat hy wil. Hy sal nie die hel misloop nie. Maar wie in die heerlike teenwoordigheid van die Here wil lewe, doen dit op die manier wat die Here voorskryf – deur Jesus Christus alleen.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 5-2:8, 9, 10 (7:8, 9, 10)

- 8 Het eers sy offerbloed gevloei, / dan sal vir Hom 'n nakroos bloei,
en eeu-omvattend bring sy hand / Gods werk voorspoediglik tot stand.
Hy sal, vir al sy sielsverdriet, / sy werk aanskou en vol geniet,
en deur sy suiwer kennislig / regverdig maak en vryheid stig.
- 9 Dan kom 'n leërskaar hierna / vir wie Hy al die skuld wou dra;
en aan Hom word mét grotes mee, / mét magtiges 'n deel gegee,
omdat sy siel in lydensnood / vol uitgestort is in die dood,
en Hy, deur smaadheid diep gekwel, / by die oortreders is gestel.
- 10 Hy het gedra die sondelas / wat op sy hart gebonde was,
en het – 'n lydenswonder dit! – / vir hul behoudenis gebid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 Oktober 2015